Tussenresultate Persverklaring vir Remgro Beperk

(Remgro)

SEKERE BELEGGINGS SE PRESTASIES REFLEKTEER DIE UITDAGENDE MARKTOESTANDE

- **Intrinsieke netto batewaarde per aandeel vanaf 30 Junie 2015:**
  - **neem met 0.7% af tot R286.96 soos op 31 Desember 2015**
  - **neem met 2.8% toe tot R297.11 soos op 11 Maart 2016**
- **Wesensverdienste per aandeel neem met 1.0% tot 704.4 sent af**
- **Tussendividend per aandeel vir die tydperk neem met 9.5% tot 185 sent toe**

Die meerderheid van Remgro se onderliggende beleggings, in besonder sy voedsel, drank en huishoudelike sorg- asook sy gesondheidsorg-beleggings, het bestendige prestasies vir die ses maande geëindig 31 Desember 2015 gelewer. Die bankwese-beleggings se bydra tot wesensverdienste was gedemp met die versekering-, nywerheid-, infrastruktuur- en media & sport-beleggings se prestasies wat die uitdagende ekonomiese- en handelstoestande wat die meeste Suid-Afrikaanse sektore beïnvloed, reflekteer.

Wesensverdienste vir die tydperk tot 31 Desember 2015 bedra R3 624 miljoen vergeleke met R3 658 miljoen vir die tydperk tot 31 Desember 2014, wat ’n afname van 0.9% verteenwoordig, terwyl wesensverdienste per aandeel met 1.0% van 711.7 sent tot 704.4 sent afgeneem het. Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het vanaf R288.89 op 30 Junie 2015 met 0.7% tot R286.96 op 31 Desember 2015 afgeneem en met 2.8% tot R297.11 op 11 Maart 2016 toegeneem.

Die bydrae tot wesensverdienste deur rapporteringskategorieë word in die tabel hieronder aangebied.

R’miljoen	**Ses maande 31 Desember 2015**	**Verandering (%)**	**Ses maande 31 Desember 2014**	**Jaar 30 Junie 2015**
Voedsel, drank en huishoudelike sorg	1 250	*28.3*	974	1 531
Bankwese	1 386	*2.9*	1 347	2 845
Gesondheidsorg	787	*17.5*	670	1 734
Versekering	455	*(17.1)*	549	986
Nywerheid	5	*(28.6)*	7	381
Infrastruktuur	74	*(18.7)*	91	392
Media en sport	(28)	*(354.5)*	11	(16)
Ander beleggings	31	*(20.5)*	39	84
Sentrale tesourie				
- Finansieringsinkomste	77	*35.1*	57	111
- Finansieringskoste	(219)	-	-	-
Ander netto korporatiewe koste	(194)	*(123.0)*	(87)	(52)
Wesensverdienste	**3 624**	***(0.9)***	**3 658**	**7 996**

Die bydrae van **voedsel, drank en huishoudelike sorg** tot Remgro se wesensverdienste het R1 250 miljoen (2014: R974 miljoen) bedra, wat ‘n verhoging van 28.3% is. RCL Foods se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 23.0% tot R582 miljoen (2014: R473 miljoen) toegeneem. Die toename is hoofsaaklik die gevolg van die vrystelling van R163 miljoen wat verband hou

met ‘n voorsiening wat as deel van die Foodcorp-verkryging vir onsekere belastingdispute gemaak is. Uitgesluit hierdie hermeting sou RCL Foods se bydrae tot Remgro se wesensverdienste met 3.6% tot R456 miljoen afgeneem het. In die tydperk onder oorsig het RCL Foods se kruideniersware, pasteie, spesialiteite, drank, dierevoedsel en logistieke besighede goed presteer, maar die suiker en hoender besighede het onder druk gebly as gevolg van erge droogtetoestande en die styging in mielie- en koringpryse onderskeidelik. Unilever se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 57.4% tot R307 miljoen (2014: R195 miljoen) toegeneem, hoofsaaklik vanweë omsetgroei en verbeterde marges. Distell se bydrae tot wesensverdienste, wat die belegging in Capevin Holdings insluit, het R361 miljoen (2014: R306 miljoen) bedra en is hoofsaaklik die gevolg van omsetgroei en doeltreffendheidsverbeterings regdeur die onderneming. Distell het sterk groei ervaar in alle produkkategorieë en het ook voordeel getrek uit die swakker rand teenoor die vernaamste geldeenhede waarin dit handel dryf.

Die wesensverdienstebydrae van die **bank**afdeling het R1 386 miljoen (2014: R1 347 miljoen) bedra, wat ‘n toename van 2.9% verteenwoordig. FirstRand en RMBH het wesensverdienstegroei van 5.0% en 2.3% onderskeidelik gerapporteer, hoofsaaklik as gevolg van groei in beide rente- en nie-rente-inkomste deur FNB, RMB en WesBank. Op ‘n genormaliseerde basis het FirstRand en RMBH verdienstegroei van onderskeidelik 9.2% en 8.9% gerapporteer.

Mediclinic, Remgro se enigste **gesondheidsorg**belegging, se bydrae tot wesensverdienste het R787 miljoen (2014: R670 miljoen) bedra. Dit is hoofsaaklik vanweë ‘n stewige vertoning deur al drie bedryfskategorieë, sowel as die positiewe effek van die swakker rand. Die wesentlike korporatiewe aksie wat Mediclinic gedurende die tydperk onder oorsig onderneem het, het nie ‘n wesentlike impak op Remgro se resultate vir hierdie verslagdoeningstydperk gehad nie, maar sal wel die resultate van die tweede ses maande beïnvloed.

RMI Holdings, Remgro se **versekering**belegging, se bydrae tot wesensverdienste het met 17.1% tot R455 miljoen afgeneem, hoofsaaklik weens ‘n eenmalige wins in die vergelykende tydperk met die vrystelling van ‘n verkoopsopsie-verpligting by Discovery, wat uitgesluit is by RMI Holdings se genormaliseerde verdienste. Op ‘n genormaliseerde basis het RMI Holdings ‘n toename van 3.6% in verdienste gerapporteer, met Discovery en OUTsurance, wat goeie verdienstegroei van onderskeidelik 7.5% en 24.7% getoon het, teengewerk deur laer verdienste vanaf MMI Holdings (laer met 8.9%).

Die **nywerheid**sbelange sluit in Total se bydrae tot Remgro se wesensverdienste wat R51 miljoen (2014: ‘n verlies van R112 miljoen) bedra. Ingesluit in dié bydrae in die tydperk onder oorsig is ‘n aansienlike ongunstige voorraadherwaardasie ten bedrae van R144 miljoen (2014: ongunstige voorraadherwaardasie van R275 miljoen). Hierdie herwaardasie is die gevolg van die volatiliteit in die Brent-ruolieprys en die randwisselkoers. Met uitsluiting van hierdie herwaardasie het die bydrae met 19.6% van R163 miljoen tot R195 miljoen toegeneem. Remgro se aandeel in die resultate van KTH het ‘n verlies van R260 miljoen (2014: verlies van R62 miljoen) bedra. KTH se resultate is negatief beïnvloed deur ongunstige billike waarde aanpassings wat verband hou met die beleggings in Exxaro Resources Beperk en MMI Holdings Beperk voorkeuraandele. Air Products en Wispeco se bydrae tot wesensverdienste bedra R142 miljoen en R54 miljoen onderskeidelik (2014: R108 miljoen en R48 miljoen), terwyl PGSI R18 miljoen (2014: R25 miljoen) tot Remgro se wesensverdienste bygedra het.

Grindrod, Remgro se i**nfrastruktuur**belegging, se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R43 miljoen (2014: R76 miljoen) bedra. Die afname was hoofsaaklik weens swak kommoditeitsmarkte en wesentlike laer droëvrag-verskepingstariewe. In die tydperk onder oorsig het die CIV-groep R35 miljoen (2014: R5 miljoen) tot wesensverdienste bygedra. SEACOM het ‘n wesensverlies van R111 miljoen (2014: wesensverdienste van R40 miljoen) vir die tydperk onder oorsig gerapporteer en Remgro se deel van die verlies het R28 miljoen (2014: wins van R8 miljoen) bedra. Die afname is hoofsaaklik weens hoër waardeverminderingskoste op sekere kabelbates as gevolg van ‘n verandering in die verwagte bruikbare leeftyd van hierdie bates.

Media- en sportbelange bestaan hoofsaaklik uit die belegging in eMedia en verskeie sportbelange, insluitende die belange in rugby-franchises, sowel as die Stellenbosch Academy of Sport. eMedia se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met

75.0% afgeneem tot R11 miljoen (2014: R44 miljoen), hoofsaaklik weens laer advertensie-inkomste en nuwe besigheidontwikkelingskoste. Die sportbelange se bydrae tot wesensverdienste bedra 'n verlies van R39 miljoen (2014: verlies van R33 miljoen).

Die bydrae deur **ander beleggings** tot wesensverdienste het R31 miljoen (2014: R39 miljoen) bedra, waarvan Business Partners se bydrae R21 miljoen (2014: R20 miljoen) was.

Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe koste sluit in finansieringsinkomste wat R77 miljoen (2014: R57 miljoen) bedra het, hoofsaaklik vanweë hoër gemiddelde kontantbalanse, sowel as hoër rentekoerse as in die vergelykende tydperk. Finansieringskoste bestaan uit rente van R91 miljoen, wat verband hou met die R3.5 miljard wat geleen is om aan Mediclinic se regte-uitgifte deel te neem, sowel as die eenmalige transaksiekostes van R128 miljoen ten opsigte van oorbruggingsfinansiering vir Mediclinic se regte-uitgifte en die Al Noor-transaksies. Ander netto korporatiewe koste het R194 miljoen (2014: R87 miljoen) bedra. Die tydperk onder oorsig sluit transaksie- en finansieringskoste ten bedrae van R114 miljoen in wat verband hou met Remgro se verkryging van Spire Healthcare Group plc (Spire). Remgro het hierdie bedrag van Mediclinic verhaal as deel van die Spire-verkoopsom, wat 'n wins met die verkoop van 'n belegging van R153 miljoen buite wesensverdienste tot gevolg gehad het.

Die belangrikste beleggingsaktiwiteit wat Remgro gedurende die tydperk onderneem het was die fasilitering van die **Mediclinic/Spire transaksie** wat in Julie 2015 afgehandel is. Die transaksie het 'n Mediclinic regte-uitgifte ingesluit waarvan Remgro die onderskrywer was. Ten einde in die regte-uitgifte deel te neem het Remgro oorbruggingsfinansiering ten bedrae van R3.5 miljard bekom en in Januarie 2016 het Remgro die oorbruggingsfinansiering vervang deur die uitreiking van vastekoers-kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele met 'n termyn van vier jaar en 'n vaste dividendkoers van 7.7%, halfjaarliks betaalbaar.

Daarbenewens het **Mediclinic en Al Noor Hospitals Group plc (Al Noor)** op 14 Oktober 2015 ooreengekom om hul onderskeie besighede saam te voeg waarna Al Noor aangebied het om 100% van die uitgereikte aandelekapitaal van Mediclinic te verkry. Die transaksie is op 15 Februarie 2016 afgehandel en gegewe die relatiewe grootte van die twee besighede, is dit as 'n omgekeerde oorname van Al Noor geklassifiseer. Die gekombineerde groep staan as Mediclinic International plc bekend, met sy primêre notering op die London Stock Exchange en sal na verwagting tot die FTSE 100-indeks toegelaat word. Bykomend tot die Al Noor-aandele wat Remgro ontvang het, het Remgro ook gedurende Februarie 2016 op 'n addisionele 72 115 384 aandele in Al Noor ingeskryf teen 'n toekenningsprys van £8.32 per aandeel vir 'n totale bedrag van £600 miljoen. £400 miljoen is in die buiteland geleen en £200 miljoen (of R4.3 miljard) is in Suid-Afrika geleen. In Maart 2016 is die plaaslike oorbruggingsfinansiering deur die uitreiking van nuwe vastekoers-kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele ten bedrae van ongeveer R4.4 miljard vervang met 'n termyn van vyf jaar en 'n vaste dividendkoers van 8.3%, halfjaarliks betaalbaar.

Kontant by die kern het met R67 miljoen tot R4 086 miljoen op 31 Desember 2015 toegeneem. Gedurende die tydperk was Remgro se grootste belegging gemaak in Mediclinic vir die bedrag van R4 621 miljoen en die beduidendste belegging verkoop was Britehouse.

Vir die ses maande geëindig 31 Desember 2015, is 'n tussendividend van 185 sent per aandeel verklaar uit inkomstereserwes ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde. Hierdie verteenwoordig 'n 9.5% toename vanaf die tussendividend verklaar vir die ses maande geëindig 31 Desember 2014 van 169 sent per aandeel.

"Ons bekommernisse wat by die jaareind-resultate geopper was is vererger deur die politieke gebeure wat plaasgevind het oor die Feesseisoen. Met die rand wat onder druk bly, die ernstige droogte wat meeste van ons verbruikersverwante beleggings affekteer en die onsekere ekonomiese toestande met die aanloop tot die munisipale verkiesings hierdie jaar, is ons uitkyk vir die oorblywende ses maande van die finansiële jaar eindigend 30 Junie 2016 gedemp. Ons bly van mening dat Remgro se strategie om te belê in nywerhede met 'n bestendige rekord en beleggings met goeie toekomstige groei-

vooruitsigte, tot voordeel van die groep en sy aandeelhouers sal wees," sê Jannie Durand, hoofuitvoerende beampte van Remgro, ter afsluiting.

Kontak:	**Remgro Beperk** **Jannie Durand ((021) 888-3253)**
Uitgereik en versprei deur:	**Keyter Rech Investor Solutions** **Marlize Keyter (083 701 2021)**
Uitreikingsdatum:	**14 Maart 2016**
JSE kode:	**REM**
Webwerf:	**www.remgro.com**